# OKTOBER 2022 - OKTOBER 2026

## Werksaamhede van die Sinodale Diensraad (SDR)

### 1. Inleidend

Die Sinodale Diensraad (SDR) is tydens die sinodesitting van Oktober 2022 verkies om as besluitnemende liggaam namens die Noordelike Sinode op te tree, tot en met die sitting van 2026.

Die SDR het hierdie opdrag uitgevoer binne die raamwerk van die Noordelike Sinode (NS) se goedgekeurde roepingsverklaring, asook ander strategiese besluite van die Sinode.

### 2. Samestelling

Die SDR word saamgestel uit ’n predikant en ’n kerkraadslid van elke ring. Verteenwoordigers word vir ’n termyn van vier jaar aangewys. Tans is daar sestien ringe, te wete:

Daspoort, Derdepoort, Krokodilrivier,
Louis Trichardt, Midde-Afrika, Northam,
Pietersburg/Polokwane, Pietpotgietersrus,
Pretoria-Noord, Pretoria-Oos, Rustenburg,
Sentraalmoot, Sesmylspruit, Suidoos-Pretoria,
Waterberg, Wonderboom.

Die SDR het dus ‘n totaal van nege-en-dertig lede: Twee-en-dertig verteenwoordigers van die ringe en sewe moderatuurslede.

### 3. Vergaderings

Die SDR het gedurende die afgelope termyn elf vergaderings in Pretoria gehou. Vergaderings het gewoonlik in ‘n kerkkompleks wat naby aan die Sinodehuis geleë is, plaasgevind. Die meeste is by Harmonie gehou en enkeles by Universiteitsoord en Lynnwood. Vergaderings het van 9:00 tot 15:00 geduur.

### 4. Dagbestuur

Die moderatuur het as dagbestuur gedien en het drie-en-dertig keer gedurende die afgelope termyn vergader.

Sien aangehegte terugvoer in **Bylaag A**.

## 5. Taakspanne

Die SDR het haar werk hoofsaaklik deur middel van taakspanne gedoen. Gedurende die termyn was daar drie-en-dertig sulke spanne. As die taakspanne wie se opdrag herhaal is, bygetel word, dan was daar in der waarheid een-en-vyftig taakspanne.

Nagenoeg tweehonderd-en-negentig mense het in hierdie taakspanne gedien, waarvan ongeveer tagtig, nie-predikante was nie. Hierdie spanne se werk is afgehandel en hulle het gedurende die termyn aan die SDR verslag gedoen.

Vir kennisname van die sinodegangers, is hulle verslae in die Sakelys Afdeling A opgeneem. Dit is egter nie tydens die sinodesitting weer deel van die besluitneming nie.

Die wyse waarop taakspanne saamgestel word en funksioneer, is ook vir kennisname in die Sakelys Afdeling A opgeneem.

## 6. Kerkorde

Die Taakspan Regte het wysigings aan die NS se kerkorde voorgestel. Dit moet deur die Sinode in sitting goedgekeur word.

Sien aangehegte voorstelle in **Bylaag B.**

## 7. Sinodehuis

Die Sinodehuis was sedert die ontbondeling van die vier Transvaalse Sinodes kort na die draai van die eeu, in ’n voormalige pastorie van die eertydse Gemeente Harmonie in Sunnyside, gehuisves. Die volledige Harmoniekampus, wat deur die Sinodale Kommissie vir Barmhartigheid Maatskappy besit is, is in 2025 verkoop. Die Sinodehuis het daarom in Augustus 2025 tydelik na Huis Piek in Nieuw Muckleneuk geskuif.

Sedert April 2026 word die NS se Sinodehuis in Alpineweg 330, Lynnwood, gehuisves. Die Sinode het ’n huurkontrak van tien jaar met die Gemeente Lynnwood aangegaan vir die gebruik van hierdie eiendom, aangesien die gemeente nie tans die huis as pastorie gebruik nie.

Die sentrale personeel van die Noordelike Sinode se Diakonaat (SKDBM en CMR) word voortaan ook hier gehuisves.

Verskeie moontlikhede vir ’n Sinodehuis is in die afgelope tyd ernstig oorweeg. Die toeganklikheid van Alpineweg 330 via die snelweë, N1 en N4, was uiteindelik ’n deurslaggewende faktor in die keuse.

## 8. Personeel

Gedurende die termyn het die volgende wisseling van voltydse personeel wat vir die Noordelike Sinode werk, plaasgevind:

- Hermien Swart is op die vooraand van haar aftrede, onverwags aan die begin van 2025 in haar slaap oorlede. Elmarie Jooste is in haar plek as kommunikasiebeampte aangestel;

- Sandra Grobler, die finansiële beampte, het in 2026 aftree-ouderdom bereik, maar is op ’n kontrakbasis steeds in diens;

- Paul Grobler se kontrak na sy emeritaat in 2024, verstryk met die sinodesitting. Die SDR het vir Rehan Rheeder in sy plek beroep. Hy sal bekend staan as Hoof Uitvoerende Beampte en word tydens die sinodesitting bevestig. Hy tree op 1 November 2026 in diens.

## 9. Gemeentes

Daar is tans nagenoeg honderd gemeentes in die Noordelike Sinode.

Drie van hulle doleer, waarvan twee aanduidings gegee het dat hulle moontlik hulle bande met die NG Kerk sou wou verbreek. Die betrokke ringe probeer sover moontlik ’n geduldige pastorale pad met hulle stap.

## 10. Predikante

Die NS het tans nagenoeg honderd-en-vyftig predikante wat o.a. op die volgende maniere in gemeentes bedien: Permanente voltydse poste, termynposte, deeltydse poste, tentmakersposte en brugleraars.

Gedurende die afgelope termyn:

- Het sewe-en-dertig predikante geëmeriteer. Talle van hulle is daarna in kontrakposte aangestel;
- Het vier-en-veertig beroepe aanvaar. Enkeles het demissie gekry, maar is sedertdien nie in die bediening nie;
- Het een-en-tagtig bevestigings plaasgevind;
- Is drie dienende predikante oorlede:

Pieter Berrangé (Monumentpark-Wes;
Derick du Toit (Villieria);
Rinus Wasserman (Kerk-in-Suid).

## 11.Kommunikasie

Die NS doen haar amptelike kommunikasie d.m.v. die weeklikse nuusbrief, ***Verskil***. Daar word selde van e-posse gebruik gemaak. Vir dringende sake word boodskappe per WhatsApp gestuur. Daar is ook ’n Facebook-blad.

Die ***Verskil*** bevat o.a. nuus rakende:

- Gemeentes;
- Predikante;
- Sinodale werksaamhede;
- Geleenthede vir toerusting.

Kerkkantore, predikante, lidmate, asook ander belangstellendes, kan ongelukkig vanweë huidige wetgewing rakende die gebruik van mense se persoonlike inligting, nie outomaties die ***Verskil*** ontvang nie. Almal moet eers vir Elmarie Jooste, die kommunikasiebeampte, per e-pos kontak om te registreer (*elmarie@noordsin.co.za).*

Rakende nuus vanuit die SDR, is dit belangrik om daarop te let dat dit die verantwoordelikheid van die ringe se afgevaardigdes by die SDR is. Dit is hulle taak om aan gemeentes terugvoer te gee van taakspanverslae, ander werksaamhede van die SDR, asook besluite.

## 12.Kampterreine

Die Noordelike Sinode beskik tans net oor twee kampterreine. **Magaliesberg**, wat geleë is in die omgewing van die Hartbeespoortdam, word deur ‘n taakspan van die Sinode bestuur. **Badseloop** net buite Naboomspruit, se bestuur word deur die Ring van Pietpotgietersrus behartig. Die eiendom behoort egter aan die Sinode.